# PLAN VAN AKSIE TOT 2014

Op pad na die Verwesenliking van Onderwys 2025

## AFRIKAANS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Onderwys 2025: Die visie

Die volgende is 'n samevatting van waar die Departement van Basiese Onderwys (DBO) homself in 2025 wil bevind:



## LEERDERS …

Woon skool elke dag by, wees betyds en neem hulle skoolwerk ernstig op. Hulle het toegang tot rekenaars, 'n goeie maaltyd, asook sport- en kulturele aktiwiteite. Hulle het respekvolle verhoudings met hulle vriende en staatmaker-onderwysers.

## ONDERWYSERS …

Gevul met selfvertroue, goed opgelei en verbeter voortdurend hulle bekwaamhede. Hulle is daartoe verbind om aan leerders die beste opvoeding moontlik te gee en sodoende tot die ontwikkeling van die nasie by te dra. Hulle geniet werkstevredenheid omdat hulle diensvoorwaarders goed is en hulle vergoeding vergelykbaar is met dié van ander beroepe.

## SKOOLHOOFDE …

Maak seker dat onderrig plaasvind soos wat dit veronderstel is om plaas te vind, volgens die nasionale kurrikulum. Deur verantwoordelike leierskap bevorder hulle harmonie, kreatiwiteit en 'n gesonde werksetiek binne sowel as buite die skoolgemeenskap.

## OUERS …

Is goed ingelig oor wat in die skool gebeur en hulle ontvang gereelde verslae oor hoe goed hulle kinder presteer, gemeet aan duidelike standaarde wat deur alle skole gehandhaaf word. Hulle weet daar word na hulle geluister en dat hulle bekommernisse deur onderwysowerhede op alle vlakke hanteer sal word.

## LEER- EN ONDERRIGMATERIAAL …

Is in oorvloed beskikbaar en is van 'n hoë gehalte. Leerders en onderwysers weet hoe om rekenaars in die skool te gebruik om toegang te verkry tot die inligting wat hulle benodig.

## SKOOLGEBOUE EN -GERIEWE …

Is ruim, funksioneel en word goed in stand gehou. Leerders en onderwysers sien om na hulle geboue en geriewe omdat hulle trots is op hulle skool.

# Plan van Aksie tot 2014

**Hierdie Pan van Aksie is die DBO se strategie om swakplekke, wat in die onderwysstelsel geïdentifiseer is en ondersteuning benodig, te versterk. Dit is ontwikkel in ooreenstemming met die Presidensie se 2009 Nasionale Strategiese Beplanning en maak vir rigting staat op die rigsnoerdokument, *Improving Government Performance: Our Approach*.**

Deur prestasie in hierdie geïdentifiseerde swakplekke te verbeter, sal leerders die voordeel geniet van 'n opvoeding van hoër gehalte. Die nasie as geheel sal ook daarby baatvind, aangesien skoolgraduandi, met beter vaardighede en kennisvlakke, voortgesette en hoër onderwys, sowel as die werkplek betree.

Hierdie dokument is 'n opsomming van die Plan van Aksie, die verbeterings wat verwag kan word, asook wat gewone burgers kan doen om tot beter onderwys by te dra.

## KORTTERMYN-DOELWITTE, LANGTERMYN-VISIE

Hierdie plan van Aksie stippel die doelwitte uit waarna die nasionale onderwysstelsel sal mik en die aksies om hierdie doelwitte teen 2014 te bereik. Hierdie is die eerste stappe om die groter, langer-termynvisie van gehalte-onderrig in skole teen 2025 te verwesenlik. Hierdie visie word Onderwys 2025 genoem.

## ELKEEN HET 'N ROL OM TE VERVUL

Hierdie Plan van Aksie dui so ver moontlik aan elke belanghebbende in die stelsel aan watter aktiwiteite sodanige belanghebbende by betrokke moet wees om elke doelwit in die plan te verwesenlik. Dit stel ook maniere voor waarop diegene buite die onderwysstelsel hulpbronne of kundigheid kan verskaf om hierdie doelwitte te ondersteun.

## DUIDELIKE DOELWITTE, BUIGSAME STRATEGIEË

Die Plan van Aksie stippel 13 doelwitte uit wat bereik moet word met betrekking tot leer en inskrywings. Daarbenewens stippel dit 14 gebiede in die onderwys uit wat verbeter moet word om hierdie doelwitte te bereik. Die DBO skryf egter nie presies aan mense voor wat hulle moet doen om hierdie doelwitte te bereik nie. Die benadering is om 'n mate van buigsaamheid toe te laat sodat skole en hulle gemeenskappe vorendag kan kom met strategieë wat vir hulle eie situasie die geskikste sal wees.

## DIE MEET VAN VOORUITGANG: JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGS (JNA)

Elke jaar sal leerders in Grade 1 tot 6 & 9 aan die einde van die jaar nasionale toetse skryf in tale (huistaal en eerste addisionele taal) en wiskunde. Die oogmerk is om 'n objektiewe nasionale norm te bepaal waaraan geletterdheidsprestasie en syferkundigheidsprestasie in laerskole gemeet kan word, sodat vordering akkuraat geassesseer kan word en gepaste ingrypings ontwerp kan word waar bykomende ondersteuning benodig word.

Onderwysers sal hierdie gestandaardiseerde toetse nasien volgens instruksies wat deur die DBO voorsien word.

Ouers sal die JNA-uitslae in leerders se jaarlikse rapporte aan die einde van die jaar ontvang. Skoolbeheerliggame (SBL's) sal 'n JNA-verslag ontvang wat die hele distrik dek, wat dan met ander ouers van die skool gedeel sal word om hulle in staat te stel om hulle eie JNA-uitslae met dié van ander skole te vergelyk.

Die oogmerk met die bekendmaking van die uitslae is nie om skole in die verleentheid te stel of persepsies van "wenners" en "verloorders" te skep nie, maar eerder om skole en hulle ouergemeenskappe 'n idee te gee van hoe hulle prestasie met die van ander skole vergelyk.

In 2011 sal JNA-toetse in tale en wiskunde vir Graad 9-leerders ingestel word.

> "Deur prestasie in hierdie geïdentifiseerde swakplekke te verbeter, sal leerders die voordeel geniet van 'n opvoeding van hoër gehalte."

# Die doelwitte van die Plan van Aksie

Die Plan van Aksie bestaan uit 27 doelwitte.



## UITSETDOELWITTE WAT OP MINIMUM GEHALTE-STANDAARDE FOKUS

**Doelwit 1.** Vermeerder die aantal leerders in Graad 3 wat teen die einde van die jaar die minimum taal- en syferkundigheidsvaardighede vir Graad 3 bemeester het. 2009-basislyn: Ongeveer 48% (geletterdheid) en 43% (syferkundigheid); 2014-teiken: 60% vir albei vakke.

**Doelwit 2.** Vermeerder die aantal leerders in Graad 6 wat teen die einde van die jaar die minimum taal- en syferkundigheidsvaardighede vir Graad 6 bemeester het. 2009-basislyn: Ongeveer 37% (geletterdheid) en 19% (syferkundigheid); 2014-teiken: 60% vir albei vakke.

**Doelwit 3 .** Vermeerder die aantal leerders in Graad 9 wat teen die einde van die jaar die minimum taal- en syferkundigheidsvaardighede vir Graad 9 bemeester het. Die basislyn en teikens sal na die 2010-JNA bepaal word.

**Doelwit 4.** Vermeerder die aantal Graad 12-leerders wat vir 'n Baccalaureus-program aan 'n universiteit kwalifiseer. 2009-basislyn: Ongeveer 110 000; 2014-teiken: 175 000.

**Doelwit 5.** Vermeerder die aantal Graad 12-leerders wat wiskunde slaag. 2009-basislyn: Ongeveer 125 000; 2014-teiken: 180 000.

**Doelwit 6.** Vermeerder die aantal Graad 12-leerders wat natuurwetenskappe slaag. 2009-basislyn: Ongeveer 120 000; 2014-teiken: 170 000.

## UITSETDOELWITTE WAT OP 'N VERBETERING VAN DIE PRESTASIE-GEMIDDELD FOKUS

**Doelwit 7.** Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 6-leerders in tale.

**Doelwit 8.** Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 6-leerders in wiskunde.

**Doelwit 9.** Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 8-leerders in wiskunde.

> “Doelwitte 1 tot 13 gaan oor die uitsette wat ons bereik met betrekking tot leer en inskrywings.”

## UITSETDOELWITTE WAT OP TOEGANG EN VOORUITGANG FOKUS

**Doelwit 10.** Maak seker dat alle kinders markties by 'n skool ingeskryf bly ten minste tot die jaar waarin hulle 15 word. 2008-basislyn: 97.4%; 2014-teiken: 99%

**Doelwit 11.** Verbeter die toegang van kinders tot Vroeëkinderontwikkeling (ECD) laer as Graad 1.
Aanwyser 1: (Persentasie Graad 1-leerders wat formele Graad R-opleiding ontvang het): 2008-basislyn: 51%; 2014-teiken: 80%, maar 100% indien nie-formele VKO ingesluit word.
Aanwyser 2: Die inskrywingsverhouding van kinders tussen die ouderdomme van 0 en 5. 2008-basislyn: 25%; 2014-teiken: 37%

**Doelwit 12.** Verbeter die graadbevordering van leerders regdeur die Graad 1- tot 9-fases van skool.
Aanwyser 1: Persentasie kinders op die ouderdom van 9 wat Graad 3 voltooi het. 2008-basislyn: 59%; 2014-teiken: 65%
Aanwyser 2: Persentasie kinders op die ouderdom van 12 wat Graad 6 voltooi het: 2008-basislyn: 46%; 2014-teiken: 52%

**Doelwit 13.** Verbeter die toegang van jong mense tot Voortgesette Onderwys en Opleiding (FET) ná Graad 9.
Aanwyser 1: Persentasie jong mense wat die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) verwerf het. 2008-basislyn: 40%; 2014-teiken: 50%
Aanwyser 2: Persentasie jong mense wat VOO-kwalifikasies verwerf het. 2008-basislyn: 41%; 2014-teiken: 65%

# Die doelwitte van die Plan van Aksie...




## ONDERWYSERS

**Doelwit 14.** Lok 'n nuwe groep jong, gemotiveerde en toepaslik opgeleide onderwysers na die onderwysberoep elke jaar.

**Doelwit 15.** Maak seker dat die beskikbaarheid en benutting van onderwysers sodanig is dat buitensporige groot klasse vermy kan word.

**Doelwit 16.** Verbeter die professionalisme, onderrigvaardighede, vakkennis en rekenaargeletterdheid van onderwysers dwarsdeur hulle loopbaan.

**Doelwit 17.** Streef na 'n onderwys-werkerskorps wat gesond is en 'n gevoel van werkstevredenheid geniet.

**Doelwit 18.** Maak seker dat leerders al die onderwerpe en vaardigheidsgebiede dek wat hulle gedurende hulle huidige skooljaar behoort te dek.

## LEERDERHULPBRONNE

**Doelwit 19.** Maak seker dat elke leerder toegang het tot die minimum stel handboeke en werkboeke wat ingvolge nasionale beleid vereis word.

**Doelwit 20.** Vermeerder leerders se toegang tot 'n wye reeks media, insluitend rekenaars, wat hulle opvoeding sal verryk.

## HELESKOOL-VERBETERINGS

**Doelwit 21.** Maak seker dat die basiese jaarlikse bestuursprosesse in alle skole in die land plaasvind, op 'n wyse wat tot 'n funksionele skoolomgewing bydra.

**Doelwit 22.** Verbeter ouer- en gemeenskapsdeelname aan die bestuur van skole, gedeeltelik deur toegang tot belangrike inligting via die e-Onderwysstrategie te verbeter.

> “ Doelwitte 14 tot 27 handel oor maniere om die 13 uitsetdoelwitte te bereik. ”

## BEFONDSING VAN SKOLE

**Doelwit 23.** Maak seker dat alle skole ten minste teen die minimum per-leerder-vlakke, wat nasionaal bepaal word, befonds word en dat fondse deursigtig en doeltreffend aangewend word.

## SKOOLINFRASTRUKTUUR EN ONDERSTEUNINGSDIENSTE

**Doelwit 24.** Maak seker dat die fisiese infrastruktuur en omgewing van elke skool leerders inspireer om skool toe te kom en te leer; en onderwysers om onderrig te verskaf.

**Doelwit 25.** Gebruik skole as middele om kinders se toegang tot 'n reeks openbare dienste, soos byvoorbeeld gesondheid, armoede verligting, psigo-sosiale ondersteuning, sport en kultuur, te bevorder.

**Doelwit 26.** Vermeerder die aantal skole wat die Inklusiewe Onderwysbeleid doeltreffend toepas en wat toegang het tot sentra wat spesialisdienste aanbied.

**Doelwit 27.** Verbeter die frekwensie en gehalte van die moniterings- en ondersteuningsdienste wat deur die disktrikskantore voorsien word, gedeeltelik deur beter gebruik te maak van e-Onderwys.

**DIE DEPARTEMENT VAN BASIESE ONDERWYS (DBO) HET 'N UITVOERIGE PLAN VAN AKSIE ONTWIKKEL OM DIE GEHALTE VAN ONDERWYS IN ONS OPENBARE SKOLE TE VERBETER.**

Hierdie Plan van Aksie 2014 het reeds baat gevind by oorlegpleging met, en insette van onderwysbelanghebbendes in sleutelrolle, insluitend die provinsiale onderwysdepartemente en onderwyersvakbonde.
**U ondersteuning met die inwerkingstelling van die Plan van Aksie word hartlik verwelkom op die pad vorentoe.**

**HIERDIE DOKUMENT IS IN 11 SUID-AFRIKAANSE TALE BESKIKBAAR:**

- Afrikaans
- Engels
- isiZulu
- isiXhosa
- isiNdebele
- Sepedi
- Xitsonga
- Setswana
- Sesotho
- Tshivenda
- Siswati

**http://www.education.gov.za**
**Call Centre: 0800 202933**